

# **Referaat gelewer tydens die 7de Volkskonsilie van die Geloftesvolk van Suid Afrika, 20-21 April 2019 te Orania.**

Deur Heinrich Haveman

Ps.78:54 En Hy het hulle gebring na sy heilige grondgebied, na die bergland wat sy regterhand verwerf het.

En Hy het hulle gebring na Sy 1: heilige grondgebied, na die 2: bergland wat 3: Sy regterhand verwerf het.

Ons bevind ons oorkant die riviere van Kush en enige adaniet met 'n volks bewussyn verstaan die diepte en sien die verband wat dit hou met die Boerevolk in Suid Afrika.

Ek koppel dadelik Sefanja 3 en Jesaja 18 aan hierdie vers.

1: Heilige grondgebied dui daarop dat daar geografies 'n gebied is wat eenkant apart en afgesonder sal wees soos vasgestel in die raadsplan van Vader.

2: Bergland dui volgens my opinie op koninkryk/heerskappy (in Miga 4 word melding gemaak van Migdol skaapstoring waaraan gegee word vroeëre heerskappy)

3: Vader se regterhand is sy uitvoerende hand waaraan gesag gegee word sodat ons in hierdie dimensie dit kan waarneem en verstaan.

Met die voorlees uit 'n boekie wat deur my groot Oupa geskryf is nl. "My moeder 'n voortrekker" is dit kosbaar, omdat dit eerste handse inligting en emosies is soos beleef deur ons voorouers.

Dit het nie net betrekking op die karakters en hul kinders nie en daarom is almal uitgenooi om te luister, want dit is die pad wat alle families in ons volkie geloop het. Alles het begin op n seilskippie vanaf Europa a.g.v vervolging van mense wat dieselfde Gees in hulle het as wat Onse Skepper in Adam ingeblaas het.

Kom ek verduidelik : Indien ek die inligting nie 100% korrek oordra nie, vra ek verskoning by Ons Hemelse Vader.

Nadat ons Skepper van hemel en aarde in 5 skeppings dae alles soos bekend geskape het, het Hy op die sesde dag Adam (eertste blosende) geskape met inhirente eienskappe om te heers oor die werke van Sy hande. VADER het Sy Gees in Adam ingeblaas

alhoewel Hy nog Gees oorgehad het (dit beteken nie dat Sy Gees ooit sal opraak nie). As voorbeeld neem ons een druppel uit die oseaan. As dit ontleed word bevat dit dieselfde eienskappe as die totale oseaan. (Adam is geskape na die beeld en gelykenis van Elohim).

Drie basiese eienskappe waaraan enige nasie op aarde getoets kan word is:

1. 'n Godsbesef - Jy besef jy is uit die wil van Vader geskape en nie uit die wil van 'n mens nie. Jy het potensiaal en is geskik vir dieper geestelike ontwikkeling.
2. 'n Verantwoordelikheid - As iets in jou hande geplaas word besef jy dat Vader se leiding nodig is in jou dagtaak asook in jou geestelike lewe.
3. 'n Gewete - Diep binne in jou weet jy wat reg is, maar die eienskap is duidelik afwesig in die wêreld daar buite.

Hierby kan nog vele eienskappe gevoeg word – deursettingsvermoë, integriteit, dapperheid, onafhanklikheid, nederigheid, orde, erns, ens.

In Genesis 3 is daar vyandskap ingestel deur Vader tussen die slang se saad en Eva se saad m.a.w. nageslag. As Vader dit ingestel het moet ons dit seker in stand hou; of moet ons versoen om nie die opgediste globale evangelie te laat ontspoor nie.

Kain slaan vir Abel dood waarna Set gebore word. Met verloop van tyd volg Noag as 'n opregte [rasegte] man in daardie tyd. Daarna volg die verbonde en beloftes wat aan Abraham gegee word. Vader sê vir Abraham: Ek is bewus van Ismael, maar Ek gaan My verbond met Isak sluit. Jakob en Esau word gebore en die beloftes van Vader se raadsplan gaan deur na Jakob en na sy 12 seuns - die Stamvaders van Israel. Isreal is onder geweldige slawerny in Egipte en word deur Moses uitgelei.

Later beweeg die verlore stamme wat in ballingskap weggevoer is na Europa deur n poort in die Kaukasiese gebergtes wat tot vandag toe nog bekend staan as die poort van Israel. Daar is gesê dat die slang sal Eva/Adam aan die hakskeen byt, wat beteken dat hy altyd op die opregte kinders van Vader se spoor sal wees om hul te probeer vernietig.

Hoe vernietig jy n volk?

1. Jy verdeel hom
2. Jy verbaster hom
3. As bogenoemde te stadig vorder dan vermoor jy hom.

My vraag is: Is ons in beheer en heers ons oor die werke van Sy hande in hierdie land.

- Het 'n bietjie propaganda,
- bietjie breinspoel d.m.v. Afrikaanse sepies,
- liefde vir sport

ons beginsels op die grond laat val.

Word die beginsels skelm by die huis geberg om aan Vader te toon in nood. Is die beginsels ingeruil en verpand om 'n bloedbad te vermy.

Die Bybelse beginsels van apartheid se duidelik: Jy reken jou nie tot die nasies nie. Jy verswaer nie met hom nie en jy sluit nie 'n verbond met hom nie.

Wat is die gevolge van onderhandeling en geestelike misleiding in die "Ja stem era" wat ons bereik het - 'n BLOEDBAD!

Wat maak ek as Vader my vra: Hoe lyk die oorspronklikheid van my Gees wat ek in Adam ingeblaas het en wat bewaar is tot by jou.

Sodra jy vleeslik verbaster, dan word die Adamietiese eieskappe verflou. Sodra jy blootgestel word en onderhandel met afgod en voorvadergees aanbidders of vasgevang word deur valse gelykstellende wêreldse evangelies, dan word jy gevul met onreine liberale (selfs gewete sus) geeste. Hier word ons gelei na Mat.18:18 waar ons Vader se toestemming vra en met opregte geloof negatiewe elemente mag bind en ontbind om hierdie onreine invloede te neutraliseer sodat ons direkte omgewing gevul kan word met Sy teenwoordigheid. Dit is nie n kitsresep nie. Dit gaan oor die opregte nederigheid en beleiding van ons afhanklikheid teenoor ons Skepper.

Ek dink ons besef nie mooi die diepte agter Amos 3:7 waar Vader sê : HY doen niks tensy HY Sy raadsbesluit aan Sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.

Al die riglyne is in die Bybel deur profete bekend gemaak en is elke dag op ons van toepassing.

BAIE GOEIE NUUS IS DAT ONS NIE GODSDIENSVRYHEID HET NIE. (Ontspan en Fokus mooi )

Vader se aan sy profete: Ek het die son, die maan, die sterre gemaak vir hulle om te aanbid..... maar Israel aanbid julle MY.

Miga 4:5 Want elke volk mag wandel in die naam van sy god, maar ons sal wandel in die Naam van JAHWE onse EL vir ewig en altoos.

Lees asb. Excodus 20 woord vir woord: Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland uit die slawehuis uitgelei het. Jy mag geen.....

- a) EK IS - Die skepper van die Heelal is hier aan die woord en Hy stel homself voor.
- b) JAHWE - Sy naam soos geopenbaar aan Moses by die brandende bos.
- c) JOU ELOHIM - Duidelik is Hy iemand se "God"
- d) WAT JOU UIT EGIPTES UIT DIE SLAWEHUIS UITGELEI HET - HY is die God van die wat uitgelei is.

Ons hoor van kleins af: jy moet die "Here" jou God liefhe met jou hele hart, jou hele siel en met al jou krag. Gelykstaande hieraan is dat jy jou volksgenoot net so moet liefhe. Liefde is 'n werkwoord en ons is baie skuldig, want oor die 700 000 blankes is onder die broodlyn, in armblanke nedersettings, kindertjies is ondervoed, ens. Dit is sinneloos om hierdie lys verder te stuur in die rigting van die brutale wreedheid wat ooreenstem met die dieper detail van bv. bloukrans – soos in die boekie hierbo beskryf. My hart bloei vir die kindertjies wat vasgeketting is aan 'n skoolbank en sit langs ander kinders wat in hul ouerhuise aanhoor – kill the farmer, kill the boer.

Die deursnee Afrikaner aanvaar dit is maar hoe die lewe is en het gaan lê soos skoothondjies in die skadu van ruggraadlose politieke en geestelike leiers en gevolglik in die skadu van n heidense regering.

Baie van ons is Christelike slawe en aanvaar alles wat ons kerk ons voorskryf. God moet by die mens aanpas – is dit die betekenis van godsdiens? Moet HY in jou diens wees? Suid-Afrika is direk in opposisie met SY wette en verordeninge, maar ons bid vir vrede. Net hier duik die vraag op – Watse soort godsdiens het hierdie volkie bedryf dat sy in so toestand is?

Ons het verseker ook ons geloftes verwaarloos terwyl Vader Sy kant van die geloftes soos gloeiende kole in stand hou.

Ek dank Ons Vader dat die Boer se eienskappe in sy gene roep na waarheid, na vryheid, hy voel verantwoordelik ,hy het 'n lewende gewete, hy het sy idenditeit ontdek, hy besef dat sy oupa Abram Isak en Jakob is en dat ons uit Egipte uitgelei is en die wat uitgelei is het die wet ontvang en die wet is nie oor Egipteland uitgeroep nie. Hy besef daar is 'n

stiggie afgebreek uit die Israel wingerstok en is hier geplant en dat hy Vader JAHWE se regterhand moet wees in hierdie tyd.

Ons moet bely dat daar die minimum groepe en bewegings is om hierdie verarmde volkie te voed, te klee en behuising te gee.

Ons moet fokus wat is deur die mond van die profete bekend gemaak en kom in ritme met Vader se bedoeling met ons. Begin fokus op die heerlikhede wat vir ons voorlê. Daar is die wonderlikste verbonde en beloftes aan Abram se nageslag gegee. Die profesieë oorkant die riviere van Kus is besig om in vervulling te gaan.

Niks is sterker as 'n profesie wat Vader JAHWE bekend gemaak het en die tyd is ryp dat dit in vervulling moet gaan. Daar is geen mag in die heelal wat Sy volmaakte raadsplan en verlossingsplan sal stuit nie. Niks is sterker as JAHSUA ons Messias se bloed wat gevloei het om ons te reinig van die gevolge van sonde nie. Hunker na bruidskap en beskou SY bloed as 'n reinigingsmiddel om jou kleed skoon te was en jou lampie te vul vir die bruilof met ons bruidegom JAHSUA ons Messias.

Praat minder oor sonde want dit is die ou teenstander se goed. Ons is nie swak, nietig en minderwaardig nie. Vader het besluit ons sal in hierdie heilige grondgebied gevestig wees en wie nou eerste of tweede hier was is irrelevant. Ons het foute en mag elkeen spreek dat ons Hemelse Vader ons die leiding en krag sal gee om op te staan en soos koningskinders begin praat en bid.

Dit is soos finale reddings boei wat uitgegooi word. Vra vir Vader om enige geestelike bloodstelling (soos byvoorbeeld hierdie skrywe) in die tyd wat na jou toe kom: As dit van Hom is, maak dit deel van jou hele wese, maar isoleer my raamerk as dit nie van U af is nie!!!

Om ligdraers te wees, is om beskerming teen duister magte te hê. Soos ons almal weet is ons stryd nie teen vlees en bloed nie.

Die eienskappe van die sewe geeste voor sy troon is ooreenstemmend met die sewe kleure van die reenboog nl. liefde, wysheid, werksame wil, orde, erns, geduld en barmhartigheid.

Strewe daarna om hierdie eienskappe in balans in jou lewe te leef. So ontvlam elke lampie soos die kandelaar wat in die tabernakel was. Die eienskappe is alles in jou innerlike tempel en soos die reenboog kleure deur 'n prisma, skyn jou lampies wat begin brand, deur jou hart se prisma en jy straal witlig in 'n duistere wêreld in. Hierdie lig is sigbaar vir magte wat 'n barbaar se liggaam gebruik as gasheer. As kinders van die lig, is dit ons geestelike laer wat ons isoleer, want lig het en sal altyd duister verdrywe.

Deur die Bybel is daar klippe gepak en deur ons volksgeskeidenis ook. As jy niks met jou geskeidenis te doen wil hê nie, is jy besig om die dag van more te verpand teen die goedkoopste paaimente.

Hierdie is 'n aanhaling van 'n leier wat my nog altyd bygebly het.

'n Deel van ons familie is gelei om ons eiendom en huise te salf met klippe op die vier hoeke, denkbeeldige lyne te trek en in ootmoed voor Vader JAHWE se voete te kniel, alles aan hom terug te gee en te bid vir Sy beskerming. In die middel van die perseel 'n vyfde klip te salf, die seen uit te spreek en dit by ander families regoor die land se klippe te voeg. 'n Geestelike laer waar ons belowe het om elke dag te bid vir hierdie land en vir ons volk se veiligheid en die seen uit te spreek!

My hartsbegeerte is dat u die seen sal aanvaar wat ek vir elke volksgenoot en jul families wil uitspreek ter wille van veiligheid, beskerming en ter ere van Die Skepper van die Heelal se NAAM.

WEES GESEEND IN DIE AARDE DEUR MY BLOED GEKOOP

WEES GESEEND TERWYL DIE LEEU AAN JULLE SY LOOP

WEES GESEEND AS IN OOTMOED DIE WIEL DRAAI

EN DIE AREND SE GESANG UITREIS BO DIE KRAAI

EDEL IS DIE VOLK DEUR MY HAND UITVERKIES

EDEL IS DIE HART WAT LIEFDE VERKIES

EDEL IS DIE MAN WAT HART AAN HANDE BIND

EN DIE KIND WAT OPGROEI NET DEUR MY BLOED VERBIND

EK DIE BEGIN EN EINDE HIERVAN SPREEK

GESEEND IS DIE SIEL WAARIN MY BROOD NOU BREEK

AMEIN.